

**8 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 13**

**Fokusgedeelte: Romeine 13:1,8**

### **God se goeie nuus en jou lewe as mens**

'n Mens se vrypraak in Jesus Christus raak letterlik elke aspek van jou lewe. Selfs jou houding teenoor en siening van die owerheid wat tans aan bewind is, is nie uitgesluit nie. 'n Nietige mens soos jy is in staat om jou aan die owerheid te kan onderwerp. Dit geld nie net die owerheid wat jy help instem het nie, maar ook die owerheid wat nie jou party verteenwoordig nie. Om jou te onderwerp aan die owerheid wat oor jou gestel is, is eintlik maar om jou dank aan God te bewys vir jou vrypraak. Wat 'n genade om te verstaan dat om jou aan die owerheid te onderwerp, eintlik godsdiens is en nie werklik politiek nie. Jy kan jou aan die owerheid onderwerp en besef dat jou vryheid as mens nie "verlore" is nie. As 'n vrygekoopte kan jy selfs probeer, om indien nodig, 'n regering te bekeer eerder as omver te werp. Jy sal op jou knieë kan leef vir die regering, vir Konings, vir leiers. Jy kan daarvan seker wees dat indien die owerheid jou beveel om jou Christenskap te verloën, jy met oorgawe sou kon getuig: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense" (Hand 5:29).

Hierdie houding van jou teenoor jou meerderes, hulle wat oor jou aangestel is, moet ook iets van 'n algemene lewenshouding word. Jy doen wat jou Here wat jou vrygespreek het van jou verwag. Dié lewenshouding kan in een woord saamgevat word: liefde. Dit is die soort liefde wat 'n weerkaatsing is van die liefde wat Christus Jesus aan jou bewys het. Dié liefde maak jou bekwaam om mense nie al te vinnig skuldig te verklaar nie. Deur die liefde kom jy tot selfverloëning en opoffering waarin God se eer en ander mense se belange gedien word. Van God se goeie nuus sal jy nie net vertel aan die hoogstes van die owerheid en elkeen rondom jou nie, maar jy sal dit sigbaar uitleef. Dink net wat kan jy bydra om van die deurmekaar wêreld iets van 'n beter leefplek te maak! So sal jy iets van die nuwe môre in die ou dag van elke dag kan indra.

Sing: Psalm 45:1,16

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)